**25 Mei** **Skrifgedeelte: Lukas 24:50-53**
**Fokusgedeelte: Lukas 24:51**

**Jesus vaar seënend omhoog!**

Toe Jesus dié dag na die hemel opgevaar het, was die dissipels (anders as wat mens sou verwag) vervul met "groot blydskap". Waarom? Omdat hulle gesien het, "terwyl Hy hulle seën, het Hy van hulle af weggegaan". Sien in jou geestesoog sy uitgestrekte hande wat in die verte die silhoeët van 'n kruisgestalte vorm, al hoër en hoër! Hoe hoër Hy gaan, hoe wyer word die kring op aarde wat sy seënende hande omsluit, totdat alles, ook jou lewe, ingesluit is.

Die ryke betekenis van sy seënende hande wortel in die Ou Testament. Nadat die hoëpriester die versoeningsoffer in die tempel afgehandel het, het hy sy hande uitgestrek en die seën van die offer oor die wagtende volk uitgespreek. Nou, nadat Jesus Homself geoffer het, deel Hy met die amptelike hoëpriesterlike gebaar die seën van sy versoeningswerk aan die mens uit. Dit is nie maar net 'n gebed om die seën nie, maar 'n amptelike tóésegging, 'n aktiewe *skenking* daarvan.

"Die Here sal julle seën en julle beskerm;
die Here sal tot jou (jóú persoonlik) redding verskyn en jou genadig wees;
die Here sal julle gebede verhoor en aan julle sy vrede gee."

Luister na sy seën en leef in die dankbare en vreugdevolle sekerheid dat God se seën, om Christus wil, op jou rus – vir nou en vir ewig!

*Sing: Psalm 47:3 (Totius-beryming)* *Ds. HC van Rooy (Port Elizabeth)*